

Sonde van Lusinda.

Anton Schoombee. Pretoria:
Protea Boekhuis, 2014. 272 pp.
ISBN 9781485300885.

DOI: <http://dx.doi.org/10.4314/tvl.v52i2.30>

Anton Schoombee se debuutroman bewys dat te veel van 'n goeie ding sleg is. En ook dat te veel van 'n slegte ding nie goed is nie. Hierdie waarneming is van toepassing nie soseer op wát die roman uitbeeld nie, maar die hóé.

Die wát is die verhaal van Stéfán Söderling, 'n 43-jarige geskeide prokureur wat ten spyte van die weelde van sy sukses (sportmotor, te veel geld en 'n spogwoning op 'n wynlandgoed in Kaapstad se noordelike voorstede) sukkel om ware geluk en liefde te vind. Hy probeer sy bes om die verhouding met sy tienerdogter aktief te hou, en terselfdertyd sy eksvrou op 'n veilige afstand. Sover klink dit na iets wat 'n mens al talle kere van gelees, gehoor, of aan gedink het.

Daar is sy ingewikkelde, moeilike verhouding met sy ouers wat in Stellenbosch vergaan. Sy pa is 'n afgetrede akademikus, eens die heerser in die huis en nou tragies gereduseer tot 'n kwylende, kwynende ou man. Sy ma is die rede van vele van Stéfán se probleme met vroue weens haar behepthed met hom sedert sy kinderdae.

In wals die 20-jarige Lusinda, die "blonde bom" wat sy lewe kom omverwerp met haar perfek gegrimeerde gesig, rondings in al die regte plekke en vol rooi lippies wat die verleidelikste, vuilste dinge fluister. Dit is 'n afgesaagde resep wat uitloop op 'n al te maklike einde: Stéfán verloor byna alles weens sy betrokkenheid met hierdie nimf.

"Hy sien dit nie kom nie", skop Schoombee die roman af. Ongelukkig kan 'n mens nie dieselfde vir die leser sê nie. Op elke derde bladsy kom 'n cliché voor. En soos Lusinda met haar lang bene die gesegde van "te veel van 'n goeie ding" vergestalt, is dit die magdom clichés wat Schoombee se boek kniehalter:

uitsprake soos "Age is just a number"; karakters soos Lusinda se skatryk spiertier van 'n stiefoom, Zander; gedagtes soos dat dit "een vir die boeke is" wanneer Stéfán besin oor die feit dat hy met 'n jong, deeltydse model slaap. Selfs beskrywings (Stéfán wat lyk soos 'n "Griekse god") word met pyn gelees.

Dit laat die leser sy hare uit sy kop wil trek van frustrasie. Miskien doen Schoombee dit egter met opset; is sy doel om ironies te skryf. Dalk wil hy die spreekwoordelike (middel)vinger wys na die banaliteit en oppervlakkigheid van die middelklasbestaan of aantoon dat die lewe wat mense soos Stéfán lei bloot 'n cliché is. Indien die skrywer bloot die punt probeer maak dat daar in hierdie bestaan wat hy in *Sonde van Lusinda* uitbeeld, geen ontvlugting is nie; dat die karakters maar almal so in hul clichés gemaak en laat staan is, dan is dit nie nodig om 'n 272 bladsy lange cliché te probeer skep nie. Want dít sou die lees daarvan onnodig en sinneloos maak.

Sou die geheim nie eerder daarin lê om fyner te skryf; om juis die afgesaagde elemente (die eensame lewe van die vrygesel, byvoorbeeld) op 'n unieke manier te skryf en beskryf nie? Indien 'n mens met clichés wil spot, moet jy dalk juis kreatief wees; die karakters en gebeure in hierdie roman is net te voorspelbaar.

Die Venter-gesin is hopeloos. Lusinda se ma leef deur haar dogter en haar stiefpa drink te veel brandewyn. Stiefpa Hennie se behepthed met mure is snaaks en subtiel weergegee, veral omdat die leser beseft dat hierdie karakter beter af sou wees as hy homself kon ommuur van sy vrou en dogter. Maar die gesin is tweedimensioneel en speel nie 'n groot genoeg rol in die ontwikkeling van die storielyn nie. Stéfán ontwikkel ook nie deur die verhaal nie. Soos wat ons hom kry aan die begin, is hy steeds aan die einde—minus natuurlik sy geld en sy werk. Maar dit was van die begin af duidelik dat sy lus hom in die moeilikheid gaan laat beland.

Schoombee se roman bereik sy klimakse in die uitbeelding van konfliktsituasies. Een voorbeeld is by Lusinda se een-en-twintigste verjaardagpartytjie, waar sy 'n nuwe Corsa by haar stiefpa kry en waar Stéfán haar en haar stiefoom later die aand afloer waar hulle in die nuwe motortjie mekaar—sover Stéfán kan uitmaak—lustig verken. Die moeilikheid wat sy vir Stéfán veroorsaak is wat die leser geïnteresseerd hou. Só is dit ook met die toneel in die Weskus-kroeg, waar Stéfán moet bewys hy is mans genoeg om op te staan teen 'n ou wat te vatterig raak met Lusinda.

Die uitvalle met haar kom egter by tye oordrewe oor en herhaal hulself. Dit laat die leser wonder waarom 'n geleerde, aantreklike en suksesvolle man soos Stéfán dit hoegenaamd sal duld.

Die hoogtepunt van die roman is die uitbeelding van die verhouding tussen Stéfán en sy 13-jarige dogter, Libby. Dit is die geloofwaardigste verhouding in die boek. 'n Pa wat liefdevol struikel om intimiteit te bou met 'n dogter wat verknog is aan 'n wêreld van sosiale media en realiteitstelevisie. Dit is net jammer die verhouding figureer nie sterker in die storie en in Stéfán se lewe nie.

Die leser kan deurentyd voel of daar vir iets gewag word wat nooit gebeur nie. Byvoorbeeld, die betrokkenheid van die Venters in Stéfán se persoonlike en professionele lewe veroorsaak nie die drama wat 'n mens sou verwag nie. Sy eksvrou Rolinda maak hier en daar 'n verskyning, maar haar impak is beperk. Selfs die hoer met 'n hart

van goud, vir wie Stéfán een aand ná nog 'n hartebreek deur Lusinda besoek, verdwyn skielik sonder om enige doel in die verhaalgang te dien. Die storielyn lees dus soos iemand wat seks wil hê sonder enige voorspelery.

Wat Stéfán en sy beminde blondine betref, handel die boek nie oor enige sonde van Lusinda nie. Dit gaan oor Stéfán se besondiging *aan* haar. Hy moes van haar af weggebly het. Stéfán moes haar nie verkrag het nie (iets wat heeltemal buite karakter en sonder verantwoording is). Die leser sukkel om simpatie vir of empatie met die protagonis te hê. Sy ma se versmorende liefde, wat deur onnodige, herhalende terugflitse uitgebeeld word, is nie genoeg om Stéfán se redes vir wat hy doen, te regverdig nie.

Tog is daar opwindende elemente in die roman. Hoe voorspelbaar dit ook al is, kan die leser hom- of haarself aan die *schadenfreude* oorgee. Dit is soos om na sekere realiteitstelevisiereekse te kyk: jy wéét wat kom, maar jy bly sit. Dit is net jammer dat die skrywer die leser by tye laat dink—of hoop—dat daar een of ander groot gebeurtenis gaan plaasvind wanneer die karakters sal saamspan om die hoofkarakter tot sy val te lei. Die roman loop egter uit op 'n antiklimaks: alles is Stéfán se eie skuld en boontjie kry sy loontjie.

Peet van Aardt
peetvanaardt@gmail.com
Universiteit van Pretoria
Pretoria